



Brief van die Hoofbeampte

Geagte lede

Met die einde van die jaar weer in sig, is dit goed om solank te begin dink oor voornemens vir 2019!

In hierdie uitgawe moedig ons u aan om te begin dink oor hoe u ná u aftrede wil leef. Ons herinner u aan hoe belangrik dit is om begunstigdes te benoem en die inligting oor u begunstigdes bygewerk te hou. Laastens gee ons 'n paar wenke oor hoe om "Januworry" te sistap.

Die einde van nog 'n jaar bied ook weer die

geleentheid om dankie te sê vir u bydrae om hierdie jaar 'n suksesvolle een te maak. Ons wens u en u gesin 'n gelukkige en vreugdevolle vakansietyd toe.

Lekker lees!

Ilse Hartlief
Hoofbeampte



DIE GOUE REÛLS VAN BESPARING VIR AFTREDE!

Is jou huidige spaarpoging vir aftrede (jou lidaandeel) voldoende dat jy gemaklik sal kan aftree?

Die kans is goed dat jy soos die meeste mense waarskynlik nie sal weet hoe om op hierdie vraag te antwoord nie. Ons fokus baie op die spaarpoging vir aftrede en tereg ook, maar soos Tony Robin gesê het: **Die stel van doelwitte is die eerste stap om die onwerklike in iets werklike om te skakel**



Die bepaling van jou aftreedoelwit begin met hierdie eenvoudige vrae:

“Wat beskou jy as ’n gemaklike aftrede?”

’n “Gemaklike aftrede” vir die meeste mense is een waarin jy jou lewenstandaard ná aftrede kan handhaaf en nie later op hulp van jou kinders of iemand anders staat hoef te maak nie.

Met ander woorde, ’n “gemaklike aftrede” beteken om ’n inkomstevlak te hê wat jou uitgawes elke maand dek, en vir die res van jou lewe ooreenkomstig die styging in lewenskoste verhoog kan word.

Hoe kan jy uitvind of jy op koers is na ’n gemaklike aftrede?

Dit is weer tyd vir lidvoordelestare en lede moes onlangs hul jaarlikse lidvoordelestaat (LVS) vir 2018 van die LA Aftreefonds ontvang het.

Die LVS gee besonderhede van die stand van aftreespaargeld, ’n opsomming van fondsvoordele en ’n aanduiding van hoe goed op koers jy is na ’n gemaklike aftrede.

Dit mag dalk nie jou gunsteling-leesstof wees nie, maar dit is ’n noodsaaklike deel van jou aftreeplan. In plaas daarvan om net deur jou LVS te blaai, druk dit uit en gebruik dit om ’n sinvolle gesprek met jou finansiële adviseur te hê.

Gestel dit lyk of jy nie jou inkomstedoelwit gaan bereik nie, kan jy dit op die volgende maniere regstel:

- **Vermyn vroeë aftrede – spaar soveel as wat jy kan vir so lank as wat jy kan.**
- **Betaal vrywillig addisionele bedrae aan die fonds – kontak jou Personeelafdeling vir hulp.**
- **Moenie jou lidaandeel as kontant onttrek wanneer jy van werk verander nie – word ’n opbetaalde lid deur jou lidbelang in die Fonds belê te hou (d.w.s. binnefondsbewaring) sodat dit kan aanhou groei. ’n Ander opsie is om dit na ’n kleinhandelbewaringsfonds of ’n ander goedgekeurde fonds oor te plaas.**
- **Maak seker dat jy ’n beleggingsportefeulje gekies het (d.w.s. die lewensfasestrategie of ’n onderliggende portefeulje) wat die beste by jou behoeftes pas.**
- **Moenie jou beleggings gedurig verander nie – onthou, die spaarpoging vir aftrede het ’n langtermyn doelwit.**

WEES VOORBEREID TER WILLE VAN JOU GELIEFDES!

Alhoewel ons kan probeer om dit te sistap, is daar ongelukkig twee onvermydelike realiteite in die lewe. Niks kan ons voorberei op die verlies van ’n geliefde nie. Dit is dus belangrik dat elkeen van ons ons deel doen om te verseker dat ons geliefdes nie méér hoef te ly as wat nodig is in die geval van ons dood nie.

Alhoewel die emosionele ontwrigting van ’n verlies nie vermy kan word nie, kan ons die las verlig deur seker te maak dat ons sake in orde is sodat ons geliefdes geen verdere administratiewe of finansiële druk hoef te ervaar nie.

Om seker te maak dat jy ’n geldige testament het, is ’n belangrike stap om te verseker dat jou sake in orde is. Dit is egter belangrik om te verstaan



dat jou aftreefondsdoodsvoordeel nie volgens jou laaste begeerte en testament uitbetaal word nie.

Die Wet op Pensioenfondse lê streng reëls vir trustees neer wat gevolg moet word wanneer fondse se doodsvoordele toegedeel word. Die betaling van doodsvoordele word deur artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse gereuleer. Dit beteken dat die trustees ’n verantwoordelikheid het om seker te maak dat elke persoon wat van jou afhanklik was toe jy nog geleef het, ’n gedeelte van jou doodsvoordeluitbetaling kry wanneer jy te sterwe kom.

Om hierdie verantwoordelikheid te kan nakom, moet die Trustees ná jou dood al jou afhanklikes identifiseer. Dit sluit jou eggenoot/e, enige kinders

wat finansieel van jou afhanklik is, en enigiemand anders in wat kan bewys dat hulle vir geld op jou steun. Hierdie proses

kan lank wees en dit kan 'n rukkie neem voordat 'n uitbetaling gedoen word.

Hier volg 'n paar riglyne wat jy kan volg om die doodseiseproses te vereenvoudig en te bespoedig, in die geval dat jy sterf terwyl jy nog 'n lid van die Fonds is:

- Maak seker dat jy 'n begunstigdenominasievorm invul en dat die inligting altyd bygewerk is met die besonderhede van AL jou afhanklikes. Jy het onlangs jou jaarlikse voordelestaat ontvang wat 'n vertroulike begunstigdenominasievorm ingesluit het.
- Maak seker dat jou geliefdes toegang het tot afskrifte van jou nuutste lidmaatskapvoordelestaat en begunstigdenominasievorm.
- Maak seker dat jou begunstigdes al die korrekte kontakbesonderhede van jou Fonds het.

Let asseblief daarop dat jou begunstigdenominasievorm as 'n riglyn vir die trustees dien – hulle is regtens verplig om die doodsvoordeel ingevolge die Wet op Pensioenfondse te verdeel.

ONTMOET ONS BEMARKINGSPAN

Soos altyd probeer die LA Aftreefonds doelbewus om te verseker dat al ons lede toegerus is om die regte besluite te neem wat sal verseker dat hulle gemaklik kan aftree.

Jy het dalk al die nuus gehoor – ons het 'n splinternuwe bemarkingspan aangestel.

Ons is trots om hulle aan jou bekend te stel:



Glenda Kunene
081 778 0923

*Ontmoet
die
BEMARKING
Span*



Rina Syer
082 890 9972

Ons webuiste is 'n goeie bron van al die nuutste fondsinligting, en ons oproepsentrumkonsultante is beskikbaar om jou te help met enige dag-tot-dag-navrae. Ons besef egter daar is sekere omstandighede wat persoonlike betrokkenheid vereis om te verseker dat ons lede die opsies wat tot hul beskikking is, ten volle verstaan en die impak van enige keuses wat hulle maak, begryp.

Jy kan Rina of Glenda dus enige tyd by 021 943 5305 of op die selfoonnommers hierbo skakel.

Inligtingsessies vir lede

Ons het die wonderlike geleentheid gehad om van aangesig tot aangesig betrokke te raak by sommige van ons lede en ons sal dit graag wil aanhou doen ...As jy wil hê ons moet jou kantore besoek en meer oor die fonds se uitstekende voordele praat en jou met meer inligting toerus om die beste moontlike keuses te maak, gaan asseblief na jou personeelkonsultant en vra vir 'n persoonlike ontmoeting met 'n verteenwoordiger van jou Fonds. As alternatief kan jy 'n e-pos aan ons stuur by support@laretirementfund.co.za en ons sal die gesprek met jou personeelkontakpersoon namens jou verder voer.

“JANUWORRY”

Die “Januworry”-sindroom slaan amper elke jaar toe ná ’n seisoen van feestelikhede en spandabelrigheid.

Hier volg ’n paar wenke om ’n swarmoedige Januarie te voorkom:

Begin deur ’n begroting op te stel wat by jou planne en jou beursie pas en hou daarby!

Bly by jou begroting gedurende die feesseisoen

Maak ’n inkopielys voordat jy na die winkels gaan, koop dan streng volgens die lys en gaan dan weer!

Weerstaan versoekings

Stel vas watter winkels het die beste aanbiedings voordat jy enigiets koop.

Doen navorsing

Vermy winkels en doen jou aankope aanlyn aangesien dit die geleentheid beperk om onnodige goed te koop. Dit sal ook help om petrol en parkeergeld te spaar.

Koop aanlyn

Bly tuis en laat familieledes mekaar vermaak

Kyk Netflix, huur DVD’s of ontspan sommer net – voeg dan net ’n paar peuselhappies by en hou só die hele familie gelukkig. Jy kan ook ure lank gratis vermaak hê deur die ou bordspeletjies af te stof en gesinsbande te versterk met ’n prettige speletjiesaad.

Betaal kontant

Los die kredietkaarte by die huis en bestee net die kontant wat volgens jou begroting beskikbaar is. Dis die beste manier om binne jou vakansiebegroting te bly. As jy nie die kontant daarvoor het nie, kan jy dit nie bekostig nie.

Moenie enige verdere skuld maak nie

As jy dit nie kan bekostig nie, moet dit nie koop nie. Jy wil tog nie die nuwe jaar op die agtervoet begin nie.

Dit was George Patton wat gesê het dat ’n goeie plan wat dadelik uitgevoer word, is beter as ’n perfekte plan wat volgende week uitgevoer word. Begin vandag beplan om seker te maak dat jy ’n wonderlike vakansie en ’n stresvrye Januarie kan hê.